higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEDRYFSBESTUUR
NKR VLAK 2

(3021012)

1 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCVO

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of term uit die onderstaande lys te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

tender; stroomdiagram; ratio; voorkoming; omgewing; grafiek; TGB; gehalte; beleid; versekering; aansporing

1.1.1 Riglyne oor wat werknemers behoort te dra wanneer hulle by die werk is.

1.1.2 Die skepping van 'n aangename werkomgewing wat werknemers motiveer.

1.1.3 Produkte word volgens vasgestelde standaarde vervaardig.

1.1.4 Dit word gebruik om statistiese data wat met verbeterde prosedures verband hou, te ontleed.

1.1.5 Maatskaplike faktore soos siekte beïnvloed die produktiwiteit van arbeid.

1.1.6 Dit wys hoe die komponente van 'n besigheidstelsel onderling afhanklik en verwant is.

1.1.7 Dit word beskou as die belangrikste tegniek om risiko te verminder.

1.1.8 Dit word gegee om werknemers te motiveer en om beter samewerking en toewyding in die werkplek te bereik.

1.1.9 Wanneer jy aansoek doen om goedere te verskaf of dienste teen 'n gestipuleerde prys te lewer.

1.1.10 Verwantskap tussen twee bedrae.

(10 × 1) (10)

1.2 Kies 'n woord uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

	KOLOM A		KOLOM B
1.2.1	Om te bepaal wat in 'n onderneming bereik moet word en maniere te vind om dit te bereik	A	bates
		B	opleiding
1.2.2	Onderneming wat dieselfde produkte aanbied of dieselfde dienste aan verbruikers lewer	C	verkryging
		D	mededinging
1.2.3	Wanneer 'n onderneming na 'n nuwe perseel verhuis	E	regsrisiko
		F	hervestiging
1.2.4	Dit skryf voor hoe dinge in 'n onderneming gedoen word	G	fokusgroep
1.2.5	Hulle het 'n lang lewensduur en word vir die werksaamhede van 'n onderneming gebruik	H	beplanning
		I	werwing
1.2.6	Verbetering van werknemers se vaardighede om in staat te wees om kliënte se klagtes te hanteer	J	etos
		K	doelwit
1.2.7	Dit word saamgestel uit 'n klein groep individue wat uit alle vlakke gekies is om metodes te ondersoek om gehalte te verbeter		
1.2.8	Soektog na geskikte persone om vir 'n maatskappy te werk		
1.2.9	Dit beskryf die doel van 'n weeklikse aksieplan en hoe belangrik dit vir die onderneming is		
1.2.10	Nienakoming van reëls en regulasies		

(10 × 1) (10)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

Lees die volgende gevallestudie noukeurig en beantwoord die vrae.

ENTREPRENEURSGEES IS ONBLUSBAAR OP STRAAT

Soos in baie gewone Suid-Afrikaners se geval is smousery nie 'n stokperdjie nie, maar 'n reddingsboei vir Mandla Ngwenya van Zola, Soweto in Gauteng. Hy is die stigter van Ma-Gents Moving Tuck Shop. 'Ek het begin deur grondboontjies, appels en lemoene te verkoop. Daarna het ek na die Bree-taxistaanplek in Johannesburg se middestad beweeg, waar ek daardie kommoditeite en ander dinge verkoop het as gevolg van die groeiende vraag van die passasiers wat ons teikenmark is,' sê hy.

'Nadat ek my voorraad vermeerder het, het ek beplan hoe ek my wins kan maksimeer. Die idee van 'n Ma-Gents Moving Tuck Shop het by my posgevat en dit werk baie goed vir my,' het hy in 'n onderhoud met die Hoza-Zola-koerant gesê.

Die Tuck Shop is 'n dienwaentjie/trollie wat volgelaai is met voorraad en rondbeweeg onder mense wat vir taxi's wag. Dit, sê mnr Ngwenya, is beter as om op die hoek te wag vir kliënte om op te daag. 'Ek doen dit ook vir die gerief van die passasiers. Dit stel hulle in staat om in hul rye te bly en nogtans te koop wat hulle verlang sonder om hul plek te verloor. Ma-Gents Moving Tuck Shop het sy vlerke gesprei. Mandla het Sipho en Joel aangestel om kliënte by onderskeidelik die Parkstasie- en MTN-taxistaanplek te bedien. Hierdie twee vaar ook baie goed.

Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling in Gauteng het sy aansoek goed-gekeur en 'n gebou in die hande gekry van waar hy sy onderneming kan bedryf. Hy wil 'n slaghuis oopmaak en ook kos verkoop. Die Departement het ook fondse bewillig om masjinerie en toerusting te koop wat in die gebou benodig word om sy onderneming te bedryf.

[Bron: Smit, 2000 (Aangepas)]

VRAAG 2

2.1 Verduidelik hoe Mandla die volgende funksies as die eienaar van Ma-Gents Moving Tuck Shop moet uitvoer.

2.1.1 Direkte/regstreekse funksie

2.1.2 Indirekte/onregstreekse funksie

2.1.3 Materiaalfunksie

2.1.4 Vervoerfunksie

2.1.5 Veiligheidsfunksie

(5 × 2) (10)

2.2 Verduidelik hoe Mandla die finansies van sy onderneming die beste kan bestuur. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

2.3 Watter maatreëls behoort getref te word om te verseker dat die slaghuis aan gehaltestandaarde voldoen? (4 × 2) (8)

2.4 Noem DRIE potensiële kliënte van hierdie onderneming. (3)

2.5 Ma-Gents Moving Tuck Shop is 'n besigheidstelsel.

Staaf hierdie stelling. (3)
[30]

VRAAG 3

3.1 Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling het Mandla versoek om 'n sakeplan voor te lê vir sy aansoek om finansiële hulp. Mandla het jou versoek om hom in hierdie verband te help.

3.1.1 Wat is 'n sakeplan? (2)

3.1.2 Verduidelik die aspekte wat in die sakeplan ingesluit behoort te word. (4 × 2) (8)

3.2 Om Ma-Gents Moving Tuck Shop te laat groei, is dit belangrik vir Mandla om die bestuursrolle uit te voer.

Verduidelik hoe Mandla die volgende bestuursrolle moet uitvoer:

3.2.1 Produk

3.2.2 Aanleg

3.2.3 Prosesse en prosedures

3.2.4 Programme

3.2.5 Mense/Personeel

(5 × 2) (10)

3.3 Identifiseer enige TWEE strategiese besluite wat Mandla vir sy onderneming geneem het. (2)

3.4 Ma-Gents Moving Tuck Shop het 'n aantal belanghebbendes.

3.4.1 Staaf hierdie stelling deur die volgende belanghebbendes uit die gevallestudie te identifiseer:

(a) Finansiële belanghebbende
(b) Werknemers
(c) Kliënte
(d) Staat

(4 × 1) (4)

Kopiereg voorbehou

3.4.2 Watter strategieë behoort Mandla in te stel om die dienste van sy werknemers te behou? (4 × 1) (4)

[30]

VRAAG 4

Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling het 'n gebou langs die taxistaanplek vir Mandla se onderneming in die hande gekry. Hy het 'n slaghuis oopgemaak en verkoop ook kos.

4.1 Verduidelik wat Mandla behoort te doen met betrekking tot die infrastruktuur, met ander woorde die gebou, voordat hy dit vir sy onderneming kan gebruik. (4 × 2) (8)

4.2 Bespreek hoe die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid by die nuwe gebou geïmplementeer moet word met betrekking tot hulle werknemers. (6 × 2) (12)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou